



Universiteit van Pretoria

'N VLAMMENDE LIED

**METATEORETIESE EN PRAKTIES-TEOLOGIESE
GRONDSLAE VAN DIE HOMILETIEK**

PROF. C J A VOS

INTREEREDERE: PROF. C J A VOS AS PROFESSOR EN EN HOOF VAN DIE
DEPARTEMENT PRAKTISE TEOLOGIE, FAKULTEIT TEOLOGIE,
AFD B

14 FEBRUARIE 1991

Casparus Johannes Adam Vos is op 15 Mei 1945 in Rustenburg gebore en matriculeer in 1963 aan die Hoërskool Tume as stas-leerling. In 1966 behaal hy die graad BA (Wysbegeerte); in 1969 die Diploma in Teologie, in 1970 slaag hy die propensieksamen, en die dokorale eksamen lê hy in 1978 af - al vier kwalifikasies met lof. Hy promoveer in 1984 onder promotorskap van prof J. A. Heyns met 'n proefskrif getiteld "Die Heilige Gees as kosmies-eskatalogiese Gees: 'n Eksiegeties-dogmatiese studie".

**'N VLAMMENDE LIED
METATEORETIESE EN PRAKTIES-TEOLOGIESE
GRONDSLAE VAN DIE HOMILETIK**

PROF. C J A VOS

Intreerede gelewer op 14 Februarie 1991 by die aanvaarding van die Profesoraat en Hoofskap van die Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Afd B aan die Universiteit van Pretoria.

Verkeie wetenskaplike en populêr-wetenskaplike artikels asook boeke het dit professor Vos se pen gevloei. As mederedakteur en skrywer is hy 'n skepper van die homiletiese reeks "God, mens en Wêreld". Van die liedere wat in die sangbondel "Sing onder mekaar" verskyn, is deur hom geskryf.

Professor Vos speel graag mairbal, wy sy asoedeg aan poësie en is 'n getroue rugbyondersteuner. Hy is in 1969 met Lida Steenkamp getroud en die egpaar het twee soons.

**INTREEREDE: PROF C J A VOS AS PROFESSOR IN EN HOOF VAN DIE
DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE, FAKULTEIT TEOLOGIE,
AFD B**

14 FEBRUARIE 1991

Casparus Johannes Adam Vos is op 15 Mei 1945 te Rustenburg gebore en matrikuleer in 1963 aan die Hoërskool Tuine as **dux**-leerling. In 1966 behaal hy die graad BA (Wysbegeerte); in 1969 die Diploma in Teologie; in 1970 slaag hy die proponentseksamen; en die doktorsale eksamen lê hy in 1978 af - al vier kwalifikasies met lof. Hy promoveer in 1984 onder promotorskap van prof J A Heyns met 'n proefskrif getitel "Die Heilige Gees as kosmies-eskatologiese Gawe. 'n Eksegeties-dogmatiese studie".

Professor Vos was predikant in die volgende Nederduitse Gereformeerde gemeentes: Riebeeckpark, Krokodilrivier en Suidoos-Pretoria. Op 1 Januarie 1989 is hy as medeprofessor in die departement praktiese teologie aangestel. Sedert 1 April 1990 is hy tot professor in en hoof van die departement praktiese teologie bevorder.

Tans dien professor Vos op verskeie kommissies van die Sinode van Noord- en Oos-Transvaal, asook van die Algemene Sinode. Ook is hy lid van die Psalmhersieningskommissie. Op akademiese terrein is hy lid van die dogmatologiese werkgemeenskap, die werkgemeenskap van praktiese teologie in Suid-Afrika en die Arbeitsgemeinschaft für Homiletik. Professor Vos is voorsitter van die homiletiese werkgroep in Pretoria asook lid van die teologiese werkgroep van die SAUK. Hy dien op die redaksie van **Praktiese Teologie in Suid-Afrika** en **Skrif en Kerk**. Verder is hy lid van die kernredaksie van die handboekreeks vir praktiese teologie.

Verskeie wetenskaplike en populêr-wetenskaplike artikels asook boeke het uit professor Vos se pen gevloei. As mederedakteur en skrywer is hy 'n skeepster van die homiletiese reeks "God, mens en Wêreld". Van die liedere wat in die sangbundel "Sing onder mekaar" verskyn, is deur hom geskryf.

Professor Vos speel graag muurbal, wy sy aandag aan poësie en is 'n getroue rugbyondersteuner. Hy is in 1969 met Lida Steenkamp getroud en die egpaar het twee seuns.

Dit is vir my aangenaam om professor Vos te versoek om sy professorale intrede te lewer oor die onderwerp "'n Vlamme lied. Metateoretiese en praktiese teologiese grondslae van die homiletiek".

14 FEBRUARIE 1991

Prof P Smit
VISE-REKTOR

Caepius Johannes Adam Vos is op 12 Mei 1945 te Rustenburg gebore en
navorser in 1963 aan die Hoërskool Tulle as dosent-leerling. In 1966 behaal hy
die graad BA (Wysgeerte); in 1969 die Diploma in Teologie; in 1970 slaag hy
die propontiasies eksamen; en die doktors eksamen is hy in 1978 af - af vier
kwalifikasies met lot. Hy promoveer in 1984 onder promotorskap van prof J A
Meyer met 'n proefschrift getiteld "Die Heilige Gees as kosmies-estetiese Gawe
'n Ekklesiologiese-dogmatiese studie".

Professor Vos was predikant in die volgende Nederlandse Gereformeerde gemeentes:
Rietboschpark, Krokodilrivier en Suidoo-Pretoria. Op 1 Januarie 1989 is hy as
medeprofessor in die departement praktiese teologie aangestel. Sedert 1 April 1990
is hy tot professor in en hoof van die departement praktiese teologie bevorder.

Tans dien professor Vos op verskeie kommissies van die Sinode van Noord- en
Oos-Transvaal, asook van die Algemene Sinode. Ook is hy lid van die Prakties-
teologiese kommissie. Op akademiese terrein is hy lid van die dogmatiese
werkgemeenskap, die werkgemeenskap van praktiese teologie in Suid-Afrika en
die Arbeidsgemeenskap vir Homiletiek. Professor Vos is voorsitter van die
homiletiese werkgroep in Pretoria asook lid van die teologiese werkgroep van die
SAUK. Hy dien op die redaksie van *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* en skryf
en Kerk. Verder is hy lid van die kernredaksie van die handboek *Vir prak-
tiese teologie*.

Verskeie wetenskaplike en populêre-wetenskaplike artikels asook boeke het uit
professor Vos se pen gevloei. As mederedakteur en skrywer is hy 'n skrywer van
die homiletiese reeks "God, mens en *Wêreld*", van die boeke wat in die reeks
pandiel "Sing onder mekaar" verskyn, is deur hom geskryf.

Professor Vos speel graag mandolien, wyl sy saadling aan poësie en is 'n getroue rug-
speler. Hy is in 1969 met Lida Zwartkops getrou en die egpaar het twee
seuns.

1. Die plek en funksie van die praktiese teologie aan die Universiteit van Pretoria

Die kerklike aard van die teologiese fakulteit het van meet af nadruk op die sleutelfunksie van die praktiese teologie gelê. Van die kerk se kant af is gevra dat toekomstige predikante vir die kerklike praktyk toegerus moes wees. Die verwagting ten opsigte van die praktiese teologie het die noodsaak van verantwoorde teorie- en praktykvorming gekoester. Aan dié opgawe is daar deur voorgangers en kollegas met toewyding en bekwaamheid aandag gegee. Dié baanbrekerswerk word met waardering vermeld. Daar kan met vrymoedigheid op die gebaande weë beweeg word, maar die eise aan die teologie en die kerklike praktyk bring mee dat nuwe weë ook verken moet word.

2. 'n Perspektief op die praktiese teologie

Die praktiese teologie staan nog maar in sy kinderskoene. Die eerste Rooms-Katolieke leerstoel vir praktiese teologie is in 1777 in Wenen, Oostenryk tot stand gebring. In 1794 is die eerste protestantse leerskool eers in Tübingen, Duitsland gevestig (Van der Ven, 1988:7). Sodoende is die eerste akademiese vesting van die praktiese teologie opgerig. Sedert die beskeie begin is dié teologiese dissipline dwarsoor die wêreld gevestig. Een van die redes hiervoor is die uitdaging aan die kerk om die evangelie binne die geloofsgemeenskap en in die wêreld te laat kommunikeer. Nogtans is die vak se staanplek in die teologiese wêreld nie 'n vanselfsprekendheid nie. Dit is veral die verhouding tussen praktiese teologie en teologiese dissiplines soos Ou en Nuwe Testament eksegeese, kerkgeskiedenis, dogmatiek en Christelike etiek wat onder die soeklig moet kom (Van der Ven, 1988:7). Al die bewoners van die teologiese huishouding, en nie net praktiese teologie nie, is *scientia eminens practica* (Herbst, 1988:43). Die kritiese vraag is dus of die praktiese teologie méér as 'n toepassing van hierdie praktykgerigte dissiplines is; of dit méér as toegepaste teologie is (Van der Ven, 1988:7). Die huisgenote in die teologiese huishouding vra ook nog ander vrae: Beoog die jongeling nie dalk om die hele teologiese huishouding te verower en te omskep tot die wetenskap van die bestudering van die Christelike praxis nie? Onder die Christelike praxis word nie alleen die huidige kerklike praktyk en religieuse handeling verstaan nie, maar ook die historiese groei daarvan, die verwerking van die bronne (die tradisionele gebied van die historiese wetenskappe) en die normatiewe regulering (vanouds die terrein van die sistematiek: die filosofie, die etiek en die dogmatiek) (Dingemans, 1989:212). Loop die praktiese teoloog nie verder gevaar om so deur die wêreld bekoor te word dat hy sy teologiese erfenis vir ideologiese modes kan verwissel nie? Die sin van die vrae is dat dit die praktiese teologie dwing om steeds oor sy eie aard en funksies in die teologiese huishouding

na te dink.

Dit is die praktiese teoloog se taak om die praktiese teologie se eie aard en funksies te definieer. In die vorming van praktiese teologie moet daar met teorieskepping rekening gehou word. Dit is die eie aard van teologiese teorieë dat dit nie dogmatiese, afgeslote standpunte is nie, maar voorlopige, tastende ontwerpe (Van Huyssteen, 1986:138). In sy teorievorming wil en mag die praktiese teologie nooit sy teologiese erfenis en sy bestaan in die kragveld van God se Woord prysgee nie.

In die definiëring van sy aard en funksies moet die praktiese teologie op veral twee uiterstes bedag wees, naamlik 'n toekokon in blote teorievorming en 'n oorgawe aan wisselende en wisselvallige praktykhandelinge. Dit bly 'n wesenlike gevaar vir die praktiese teologie dat die praktyk die teologiese teorievorming kan oorwoeker. Indien dit gebeur, loop die vak die risiko om in pragmatisme te versand. Dan kan daar in die kaal en leë woestyn niks groei nie.

Die opdrag om oor die aard en die funksies van die praktiese teologie te besin staan in die wete:

Alleen die baie-fyn dink is helder:
so fyn dat byna niemand dit wil vat nie
(Tristia XXXIII)

Die omvang van die taak kan miskien soos volg verwoord word:

Een geleentheid
uit 'n duisend
om duiselend
op 'n nat ruit
met fyn balans
glansend te dans.

Die “fyn balans” kan versteur word indien die praktiese teologie se eie aard van sy funksies geabstraheer word en indien die funksies die eie aard van die dissipline verloën. Die geheim van die “fyn balans” bring mee dat die kontoere van die eie aard en die funksies van die praktiese teologie in die teorie-praxis verhouding nagespeur moet word. Daar is sedert die laat sestiger jare indringend oor die verhouding tussen teorie en praktyk in die praktiese teologie nagedink. W D Jonker se intreerede in Kampen (1968) handel dan ook oor die verhouding tussen teorie en praktyk. Volgens Jonker (1968:24) gaan dit in die amptelike vakke om die lees, die verstaan en vertolking van die Heilige Skrif, maar dan onder die gesigspunt van die vraag na die kerklike diakonia, die diens van die kerk aan die omgang met hierdie Woord. Dié opmerking van Jonker peil egter nie die hart van die praktiese teologie nie. Dit gaan in die vak nie net maar daarom dat daar 'n teologiese

teorie vir die kerklike praktyk opgestel moet word nie. Die praktiese teologie moet óók bedag wees op die fluisteringe van die kerklike praktyk en die samelewing. Otto (1986:20) is van oordeel dat die teorie konstitutief op die praxis betrek is terwyl die praxis die teorie op sy hoede hou. Daarom staan Zerfass (1988:38-39) met reg 'n wisselwerking tussen teorie en praktyk voor. Greinacher (1974:110; 1988:292) beskryf hierdie wisselwerking tussen teorie en praktyk as 'n bi-polêre spanningseenheid waarin die oorgang van die teorie na die praktyk en omgekeerd 'n kwalitatiewe verandering teweegbring. Die proses waarvolgens die wisselwerking tussen teorie en praktyk verloop kan op voetspoor van Zerfass (1974:167-169; 1988:38-41) nagevolg word. Uit die verbinding tussen teorie en praktyk ontstaan 'n prakties-teologiese teorie. Die teorie bied handelingsaanwysings vir 'n nuwe praxis. Die vormingsproses van die nuwe praxis is egter nog nie voltooi nie. Dit moet eers aan die situasie en aan die teologiese oorlewering getoets word. In opvolgingsondersoeke moet die uitwerking van die nuwe praxis in die situasie beproef word. Op dié wyse word 'n teorie op kaart gebring met die oog op latere handelingsaanwysings. Die nuwe praxis het ook 'n uitwerking op 'n verdiepte verstaan van die teologiese oorlewering aangesien dit die horison waarbinne die aanspraak van die oorlewering in die hede verneem word, verander. Wanneer die teologiese oorlewering beter verstaan word, baan dit die weg vir 'n verbeterde handelingsteorie wat weer op noukeurige omskrewe handelingsmodelle en 'n verbeterde praktyk uitloop. Hierdie proses vra van die praktiese teoloog om vlymskerp teorieë te slyp wat nie die naelstring tussen teorie en praktyk deursny nie. Die praktiese teoloog het die plig om teologiese en praktykteorieë te ontwerp wat die teologiese sowel as die kommunikatiewe gehalte van die teologie dien.

Die ontwerp van 'n prakties-teologiese praktykteorie en die maak van 'n gedig het veel in gemeen. Dit is die taak van die digter om "elke verskyning en verskynsel volwaardig, na sy wese peilend" (Opperman, 1959:154) te probeer uitbeeld. Die praktiese teoloog het ook die opgaaf om die verskynsels in die kerklike praktyk peilend in sy teorie te ondersoek. Die praktiese kwalifikasie van praktiese teologie gee te kenne dat hy in die dampkring van die werklikheid leef. In teologiese taal gesê: hy leef in die klimaat van God se koninkryk. Die praktiese teologie ywer vir God se koninkryk en die voltooiing daarvan. Die koms word Christologies gerealiseer, Pneumatologies geëffektueer en deur die mens ekklesiologies en kosmies beleef. Die praktiese teoloog is begaan oor die werklikheidsaard van die teologie.

Die digter moet die "essensiële, die 'inscape', die goddelike, die 'logos'..." soek (Opperman, 1959:155). Die digter se opdrag word in Adam Tas se woorde aan W A van der Stel meesterlik verwoord:

Ek is geen spieël, ek haal vanuit die stryd
die binnebeeld...die waarheid uit die werklikheid!

(Opperman, 1956:104)

Die digter gaan die spoor van die werklikheid, die reële na deur middel van sy ervarings, interpretasie, verbeelding, beelding, klank, ritme, komposisie en kohesiepatrone. Die gedig wat deur dié spoorsny gevind word, dra die stempel en die broosheid van sy maker. Die praktiese teoloog soek óók na waarheidsperspektiewe deur middel van sy ervarings, interpretasie, verbeelding, beelding, komposisie en kohesiepatrone. Sy teorie vertoon óók die stempel en broosheid van sy maker.

Die digter suig sy waarheidsperspektiewe uit die werklikheid terwyl die praktiese teoloog se teorievorming nie buite die werklikheid om plaasvind nie. Die swaakheid of die krag van die teologiese teorieë blyk uit die uitwerking daarvan in praktykteorieë. Kragteloze praktykteorieë verplig die teoloog om wéér en méér oor die wisselwerking tussen sy teologiese teorieë en die situasie te besin. In dié besinning moet die normerende gesag van die Skrif geëer word.

Die aard en funksies van die praktiese teologie bring mee dat hy oor waarheidsperspektiewe op die werklikheid besorg is. Hierdie besorgdheid maak die praktiese teologie se betrokkenheid op die Christelike geloofspraxis ononderhandelbaar (vgl Heitink, 1988:20). Die betrokkenheid kom tot uitdrukking in die ontwerp van kommunikatiewe handelingsteorieë (Zerfass, 1988:53). Handelingsteorieë staan in diens van die kommunikasie van die evangelie in die Christelike gemeente en in God se koninkryk. Teorievorming vind op meta-, teologiese en praktykvlak plaas. Die ontwerp van die teorieë is 'n krities-kreatiewe proses. Dit beteken dat die teoretiese voorveronderstellings, die implikasies en die doelstellinge, die effektiwiteit en die praktiese uitwerking daarvan altyd krities getoets moet word.

Die verhouding tussen teorie en praktyk is dikwels die kruis en die krisis van die praktiese teologie. In die teologiese huishouding is die praktiese teologie soms van verraad teen en verloëning van sy teologiese erfenis verwyt. Ander kere is die jongeling geprys oor sy waagmoed om in die praktyk spore te trap.

3. Ruimte aan die homiletiek in die praktiese teologie.

Daar bestaan konsensus daarvoor dat die dissiplines van die praktiese teologie nie hiërargies verdeel en verstaan kan word nie. Al die dissiplines ontsluit 'n bepaalde perspektief op die vak (Otto, 1986:68-74; vgl Rössler, 1986:53-58). Dit is binne dié speelruimte dat die homiletiek aan die wisselgang tussen teorie en praktyk kan deelneem. In dié proses kan die homiletiek meta-, teologiese en praktykteorieë in diens van die kommunikasie van die evangelie ontwerp.

4. Prakties-teologiese grondslae van die homiletiek

4.1 'n Prakties-teologiese ekklesiologie

4.1.1. Die gemeente as Woordgemeenskap

Die Woord open 'n dubbele perspektief op die gemeente. Die eerste perspektief is dat die gemeente as herskeppingswerklikheid (Theron, 1978:1-2, 67-73) 'n vrug van die Woord is (Jak 1:18; vgl 1 Petr 1:23). Dit is in dié lig dat die reformatoriese teologie bely dat die kerk 'n creatura evangelii is. Die tweede perspektief is dat die gemeenste deur die Woord versamel word. Wanneer die gemeente deur die Woord versamel is, lei dit tot 'n versameling om die Woord. In dié versameling verkry die gemeente 'n godsdienstige en sosiale waarnemingsgestalte (vgl Jörns, 1990:21).

4.1.2 Herskepping deur die Woord

In die Ou en Nuwe Testament het die Woord nie net 'n skeppingsfunksie nie, maar ook 'n herskeppingsfunksie. Dié funksie tree in die Ou Testament veral by sommige profete aan die lig. Van Amos se dae af was daar in vergelyking met die Rigters 'n opvallende stilswye oor die gees van die Here. Die rede hiervoor kan gesoek word in die betekenis krag en mag wat die woord gees kommunikeer. Die optrede van Amos en Jeremia is egter gekenmerk deur 'n gebrek aan krag en mag. Jeremia was 'n weerlose en magtelose profeet. Sy krag het in sy swakheid en in die mag van die Woord gelê (Westermann, 1978:64).

Johannes se getuienis bied twee perspektiewe op die Woord. In die eerste plek is die Woord 'n goddelike Persoon deur wie die skepping tot stand gekom het (Joh 1:3). In die tweede plek het die Woord mens geword vir ons mense en ons heil (Joh 1:4-5, 14). In die lig hiervan bestaan die kerk nie om sy eie ontwil nie, maar ter wille van die heil aan mense. *Salus animarum suprema lex* is 'n ou kerklike spreuk (Greinacher, 1988:289). Die heil aan mense verdring nie die eer aan God nie, maar skep juis ruimte daarvoor.

4.1.3 Herskepping deur die gepredikte Woord

4.1.3.1 God se koms deur die preek

Dit gaan in die preek om die kommunikasie van die evangelie (Lange, 1987:13-14; Josuttis, 1985:29 e.v.). In dié proses handel dit om die koms van God drieënig na die wêreld deur sy Woord (vgl Firet, 1987:29-30). Daar is vier perspektiewe op dié koms: **die lewende Here is in ons midde; Hy bring bevryding van skuld en vertwyfeling (absolutio); Hy vul die lewe met belofte en skep 'n toekoms (promissio); Hy stuur mense konkreet op die weg van liefde en hoop (missio)** (Lange, 1987:62-63) en getuienis (*testimonium*). Daarom moet sy Naam in die

erediens geheilig word (Bohren, 1986:89-108; Fant, 1989:109).

Op die vraag na die strukturele modi van die koms van God in sy Woord lui Firet (1988:114-122) se antwoord: deur kerugma, didache en paraklese. Wanneer Firet die kerugma aandui as die modus waardeur God in sy Woord na die wêreld kom, ontken hy nie dat die didache en die paraklese ook in die prediking 'n plek het nie, maar dan tog as newe-modi. Dit is wel 'n grondsteen van die praktiese teologie dat die kerugma 'n sentrale funksie van dié teologiese dissipline is. Die suiwer verkondiging van die Woord word in die reformatoriese tradisie as een van die kenmerke van die kerk beskou (NGB 29). Hiermee word bely dat die kerk nie sonder die voortdurende prediking van die evangelie kan klaarkom nie (Runia, 1981:36).

Die vraag is verder wat met die kerugma bedoel word. Firet (1988:60) dui die kerugma as die "proclamatie van een nieuwe stand van zaken" aan. Al is dit so dat die woordveld van kerugma inderdaad preek, proklameer is, mag die funksies van die preek nie net tot die proklamering van die heil verskraal word nie. Daar is ook ander woorde wat die kommunikasie van die heil beskryf (vgl Runia, 1983:25-26; Greidanus, 1988:7). Anders gestel: die verskeidenheid woorde vir preek is soos die kleure waarmee 'n skildery geskep word. In die verkondiging handel dit ook om die getuienis van die Woord (Long, 1989a), die didache en die paraklese (vertroosting en vermaning) (Runia, 1983:25-26). Dié woorde is soos 'n string pêrels: die een kan nie sonder die ander nie.

In die preek word die oorgelewerde openbarings- en geloofsgetuienisse opnuut verkondig met die oog daarop dat dit die eie geloofsoortuiging van die hoorder word (Jörns, 1990:20). In die oorreding tot geloof deur die hoor van die Woord (Rom 10:17) word God se koningskap gevier.

Die groeipit van die preek in die wêreld bestaan daarin dat die vrug van die evangelie aan die wêreld gebied word (vgl Fant, 1989:108). Op dié wyse voed God die hongerige wêreld.

5. Metateoretiese grondslag van die homiletiek

In die wetenskapsfilosofie word dit vandag algemeen aanvaar dat geen wetenskaplike gevolgtrekking konklusief deur empiriese navorsingsbevindinge bewys kan word nie (Mouton, 1989:196). In die verskillende stadia van die wetenskaplike navorsingsproses en om verskillende redes, is die wetenskaplike verplig om die aannames wat bepaalde teorieë en metodologiese strategieë ten grondslag lê, en wat nie in die betrokke studie getoets word nie, as waar te aanvaar (Mouton, 1989:196). 'n Belangrike kategorie van sodanige aannames is metateoretiese

aannames wat onderliggend is aan die teorieë wat die bepalende konteks van 'n studie vorm (Mouton, 1989:196). In die homiletiek is daar talle metateorieë wat in 'n kreatiewe wisselwerking met die homiletiese situasie tot praktykteorieë kan lei. Die metateorieë bestryk die volgende konsepte: hermeneutiese, taal-, kommunikasie-, sisteem-, handelings- en leerteorieë. Die homiletiek se afhanklikheid blyk uit die skepping van metateorieë en sy selfstandigheid in die teologiese en prakties-teologiese konseptualisering en operasionalisering van metateorieë.

5.1 'n Taalteorie as metateorie

Teorievorming is die wortel van elke kritiese benadering, interpretasie en tekslesing. Die gebruik van terme soos mimesis en realisme, natuur en waarheid, resepsie, mite en tradisie, dekonstruksie en postmodernisme groei uit bepaalde teorieë. Sommige huldig selfs die mening dat implisiete teorieë geen kwaad kan doen nie, solank dit net onsigbaar bly (Selden, 1989:3). Teorie en praktyk bring egter aan die lig dat dit juis die onsigbare teorieë is wat soms soveel skade kan aanrig!

In die twintigste eeu het die studie van die literatuur van 'n oorwegend diachroniese na 'n oorwegend sinchroniese benadering verskuif. Die intrinsieke metode van 'n rigting soos die New Criticism wat in die dertigerjare in die VSA ontstaan, neem die standpunt in dat die leser hom slegs moet bemoei met die tekstuur en struktuur van die teks (Wellek, 1982:87-103). Dié benadering bevry die ondersoeker in 'n hoë mate van die biografiese en historiese laste van die tradisionele geskiedskrywing en plaas die aksent op die teks as outonome entiteit, 'n woordkunswerk waarvan die samehang en eenheid bepaal word deur die intrinsieke determinante en wat weinig deur die maatskaplike en historiese konteks geaffekteer word (Kannemeyer, 1989:3).

Die opkoms van die neo-Marxistiese kritiek met sy klem op die produsent en konsument en veral van die resepsie-estetika van onder meer Hans Robert Jauss eis egter weer die aandag vir die geskiedskrywing op en bring 'n vernuwing en groter genuanseerdheid op die gebied van die literatuurstudie.

'n Tema wat deurgaans in die resepsie-estetika gehoor word is dat die leser ook 'n bydrae lewer in die interpretasie van tekste. Op dié tema is daar verskeie variasies. Vir die doel van die voordrag word enkele grondlyne in die denke van Hans Robert Jauss ontgin. Soos die geval met alle teorievorming verkeer dié van Jauss ook onder die invloed van heersende filosofiese strominge. Sy benadering kan nie verstaan word sonder die invloed van die kritiese rasionalisme van Thomas Kuhn en die hermeneutiese filosofie van Hans Georg Gadamer nie. In Jauss (1969:46) se bespreking van die verandering van paradigma in die literatuurwetenskap sluit hy by Thomas Kuhn aan in sy ondersoek van die metodes van die literatuur-

wetenskap in hulle historiese ontwikkeling. Daar kan van 'n paradigma verandering gepraat word wanneer die normale ontwikkeling in die wetenskap afgewissel word met rewolusie en 'n nuwe begin. Volgens Jauss (1969:46) verstaan Kuhn onder 'n paradigma verandering "eine neue, durch umwälzende Erkenntnisse begründete Methode, die Systemcharakter hat und die für gewisse Zeit einer Gemeinschaft von Fachleuten Modelle und Lösungen liefert". Hans Georg Gadamer het 'n estetiese teorie wat op Martin Heidegger se filosofie steun, ontwikkel. Heidegger het die gegewenheid van die menslike eksistensie benadruk: die mens kan nie aan sy historiese aard ontkom nie. Gadamer is oortuig dat die lees van 'n teks 'n poging is om die gaping tussen verlede en hede te oorbrug. Deur die lees van 'n teks ontsnap die mens egter nie die vooroordele van sy kultuur nie, maar hy kan 'n poging aanwend om binne die historiese beperking tot insig te kom en om 'n nuwe lig op 'n ou teks te laat skyn. In sy teorie voeg Jauss (1969a:56) die teks in sy diachroniese samehang deur die resepsie van die teks vanaf die komposisie daarvan tot op die hede na te speur. Hy gee ook ag op die sinchroniese aspekte van die teks om sodoende die komplekse literêre sisteem wat op daardie tydstip gegeld het te kan beskryf (1969a:57-62).

Vir Jauss (1969a:29-30) is 'n teks nie 'n monument wat sy tydlose wese monologies onthul nie. 'n Literêre werk is nie 'n objek wat opsigself kan staan en dieselfde "gesig" aan elke leser in alle tydvakke wys nie (Jauss, 1969a:29). Die positivistiese siening van geskiedenis as die "objektiewe" beskrywing van 'n reeks gebeure in 'n geïsoleerde verlede verloor die kuns-, die historiese en die dialogiese karakter van die literatuur uit die oog (Jauss, 1969a:29-30). Die historiese konteks waarbinne 'n literêre werk voorkom is nie 'n feitlike, onafhanklike reeks van gebeure wat buite die waarnemer omgaan nie (Jauss, 1969a:30) 'n Literêre werk is 'n voortdurend veranderende geheel waarvan die potensiële betekenis wat daarin aanwesig is, geleidelik en opeenvolgend deur die resepsie van lesers gerealiseer word. Die leser se rol is van soveel belang dat 'n literêre gebeure slegs 'n effek kan hê indien daar weer of steeds daarop geantwoord word (Jauss, 1969a:31).

Elke gehoor van lesers kyk na 'n literêre werk deur die lense van 'n besondere verwagtingshorison ('n stelsel van konvensies of reëls) (Jauss, 1969a:33, 64). Deur die verwagtingshorison, 'n begrip wat hy van die sosioloog Karl Mannheim oorneem, beoog Jauss om 'n objektiveerbare verwysingsraamwerk daar te stel waarbinne die literêre ervaringe van lesers kan afspeel. Vir elke werk kom dit op die historiese moment tot stand uit

die leser se kennis van 'n genre,

die leser se kennis van ervaring van gelese tekste,

die teenstelling tussen poëtiese en praktiese funksie van taal, teks en werklikheid (Jauss, 1969a:34-35).

In die proses mag dit gebeur dat die verwagtingshorison waarbinne die mens nadink op 'n manier versmelt met die horisonne van ou tekste en lesings uit die verlede. Daar bestaan 'n hermeneutiese afstand tussen die eerste lesers van byvoorbeeld die Middeleeuse **Roman de Renart** en die huidige lesers. Die verskil kan deur die rekonstruksie van verskillende tye se verwagtingshorisonne verhelder word. Deur die rekonstruksie van die verwagtingshorison waarbinne 'n ou werk verskyn het, kan dit verstaanbaarder gemaak word (Jauss, 1969a:43-44). Die rekonstruksie verloop egter nie sonder probleme nie. Van die kant van die Marxistiese literatuurteorie is daarop gewys dat Jauss die lesers van 'n bepaalde tyd te homogeen sien en dat sy siening mank gaan aan 'n perspektief op sosiologiese pluraliteit. Dit kan nie ontken word nie dat die rekonstruksie van die maatskaplike en politieke kragvelde ook deel van die resepsie-estetika vorm (vgl De Jong, 1989). In sy latere werk fokus Jauss (1979:393) egter wel op die kommunikatiewe en die maatskappyvormende funksie van die kuns. Dit moet net nie uit die oog verloor word nie dat die lens waardeur daar na die maatskaplike en politieke aard van die teks gekyk word, óók deur die eietydse maatskaplike en politieke horison geslyp word.

Die begrip estetiese distansie speel 'n belangrike rol in Jauss se denke (1969a:36). Hieronder verstaan hy die afstand, die verskil tussen die struktuur van 'n teks en die verwagtingshorison van 'n leser(sgroep) op die tydstip dat die teks verskyn. Die estetiese distansie is na sy mening die maatstaf om die kunskarakter van literêre werke mee te "meet". Volgens hom vorm die manier waarop 'n literêre werk wanneer dit verskyn aan die verwagtinge van die eerste lesers voldoen, dit oortref, teleurstel of weêrlê, blykbaar 'n maatstaf vir die estetiese waarde daarvan (1969a:36). Die afstand tussen die estetiese ervarings waarmee die leser vertrou is (sy verwagtingshorison) enersyds, en die nuwe werk en die verandering van horison wat die resepsie daarvan van die leser verg andersyds, bepaal resepsie-esteties gesproke die kunskarakter van die werk (Jauss, 1969a:36). Dié benadering ontkom nie die gevaar dat 'n werk wat volledig teen 'n leser se verwagtingshorison ingaan - en waar daar groot estetiese distansie is - geen of weinig estetiese ervarings en waardering sal meebring nie. Jauss (1979:394) het later self toegegee dat die normdeurbrekkende funksie nie vir alle literêre periodes kan geld nie. Dit is alleen aanwesig in moderne tekste (dit wil sê romantiese en post-romantiese tekste).

Aangesien verwagtingshorisonne aanhoudend gevorm word en verander, kan 'n ou verwaarloosde werk sowel as 'n nuwe werk waardering verkry deur 'n perspektiwiese verskuiwing van die verwagtingshorison. Die horison van verwagtings word afgewissel, reggestel, verander en gereproduseer (Jauss, 1969a:33). In die proses tot die waardering van 'n literêre werk mag dit byvoorbeeld gebeur dat die belangrikheid van 'n gedig, roman of drama nie aanvanklik erken word nie en eers later, wanneer 'n nuwe werk die horison verruim en op een of ander wyse die herinnering aan die verwaarloosde werk oproep, volle waardering

verkry. In die benadering word die waardering van die eerste leser voortgesit en verryk deur verdere resepsies van geslag tot geslag (Jauss, 1969a:30, 43-44, 63). Verder kan 'n nuwe kunswerk die verwagtingshorison slegs reproduseer, maar ook wysig en varieer indien dit werklik iets nuuts bring (Vodička, 1964:72). In die verband noem Jauss (1969a:44) die geval van die Middeleeuse **Roman de Renart** wat die konvensies van die tradisionele ridderroman ironiseer en parodieer.

Die beswaar dat die begrip verwagtingshorison te teoreties en vaag is, het Jauss (1979:348) in 'n mate besweer deur op voetspoor van K R Mandelkow tussen die verwagtingshorison van die teks en die van die leser te onderskei. Die verwagtingshorison van die teks is in die werk self gekodeer en vorm deel van die sisteem van die werk. Die tekstuele horison word deur die lesersrol in die teks aan die bod gestel. Die verwagtingshorison van die leser word deur die leser in die werk ingedra. Die genre-norme, die relasies met gelese tekste en die teenstelling fiksie-werklikheid bepaal die horison. Die interaksie van hierdie twee horisone konstitueer dan die estetiese ervaring.

Die literêre benadering van Jauss is nie sodanig nuut nie (Wellek, 1982:49, 77). Wat Jauss en andere wel doen, is om ons - na die verwaarlosing van die lesersaspek met die opkoms van die New Criticism en rigtings soos die stilistiek op linguïstiese grondslag - weer bewus te maak van 'n belangrike taak van die letterkundige, naamlik om rekening te hou met die kundige reaksies van lesers en die realisering van die kunswerk deur die geleidelike proses van lesersresepsies (Wellek, 1982:49; Kannemeyer, 1989:11).

6. 'n Homiletiese praktykteorie

Die taalteoretiese insigte van die resepsie-estetika soos verwoord deur Jauss skep 'n sekere speelruimte vir die homiletiek. Die spel binne die ruimte moet egter deur teologiese en praktykteoretiese reëls bepaal word. Hoewel die teks vir Jauss van belang is, wentel dit in sy teorie veral om die resepsies daarvan deur die opeenvolgende lesers. In die homiletiek vra die homiletiese reis 'n teksbewussyn. Elke bousteen, elke kode, elke genre van die teks moet bekend en bemind wees. Die teks kan vanuit verskillende perspektiewe bekyk word. Dit kan as 'n "outonome" taaluiting, 'n "woordveld" met 'n interne eenheid of as 'n web wat slegs in relasie met ander tekste betekenis kry, gesien word. In die homiletiek beteken 'n tekslesing 'n blik op die selfstandige teks, maar óók op die intertekstuele relasies. Erns en eerbied vir die teks vra altyd dat die wêreld agter die teks (die oorspronge en genetiese stadia as deel van die teksgeskiedenis), die wêreld van die teks en die wêreld voor die teks nie die aandag mag ontsnap nie. Hierdie aandag vir die teks en teksrelasies bring aan die lig dat die homiletiese vraagstuk van 'n

induktiewe en 'n deduktiewe vertrekpunt in die prediking 'n oneintlike probleemstelling is (Stadelmann, 1990:181). Sedert Fred Craddock (1979:51-159) se pleit vir die belangrikheid van die induktiewe benadering in die preekproses het van sy navolgers gereken dat dit die eintlike weg is. Dit gaan egter nie om 'n keuse tussen die induktiewe en deduktiewe weg nie, maar om die vraag of die teks die werklikheid ontsluit. Die proses kan induktief of deduktief begin. In die homiletiek gaan dit altyd om teks en situasie. 'n Teks sonder 'n situasie sonder 'n teks lewer geen aktuele preek nie. Die homiletiek moet altyd erns maak met die tekshermeneutiek en die bestaanshermeneutiek (vgl Emmanuel Levinas). Aandag aan die tekshermeneutiek beteken dat die homileet die grondsoorte, die genre waaruit die verskillende tekste groei, moet ondersoek (Greidanus, 1988:16-23, 188-341; Long, 1989). Die ondersoek van die genre eis 'n analise van die verband van teksoorte met die oorsprong en ontwikkeling van vorme, en die inberekening bring van hermeneutiese of lesergerigte perspektiewe (McKnight, 1988:242-244). Deur die gebruik van afwisselende preekstyle en vorme moet die homileet die teks snoei sodat dit meer vrug kan dra (vgl Pieterse, 1986:51-91, 170-239; Hirscher, 1988:539-549; Zerfass, 1989:103-112; Greidanus, 1988:141-156; Craddock, 1988:170-189).

Die aard van 'n teks bestaan volgens Jauss daarin dat dit nie opsigself kan staan en sy "gesig" aan elke leser in alle tydvakke tydloos wys nie. Die "gesig" van die teks word deur sy dialogiese karakter wat 'n antwoord van die leser binne sy "verwagtingshorison" oproep, bepaal. Die preekteks het ook 'n dialogiese aard. Dit roep om 'n antwoord. 'n Antwoord op die preekteks beteken dat daar 'n hegte band tussen die teks en die leser tot stand kom.

Aan die een kant is daar sprake van 'n vaste verwagtingshorison waarbinne die antwoord op en relasie met die teks tot stand kom. Die verwagtingshorison word deur die Skrif, die teologiese, die kerklike tradisie en die pluraliteit van samelewingsperspektiewe gevorm. Volgens Jauss is perspektiwiese verskuiwinge van verwagtingshorisonne 'n voorwaarde vir die waardering van 'n ou of 'n nuwe teks. Vanuit homiletiese perspektief kan dit die veranderlike verwagtingshorisonne genoem word. Die horisonne word deur die Gees geskep deurdat Hy 'n grondverskuiwing van verwagtings deur die preekteks heen tot stand laat kom. Al té menslike verwagtinge word deur die preekteks deurbreek sodat nuwe verwagtinge wat die waardes van God se heerskappy kommunikeer, ontstaan.

Oor die veranderende werking van 'n teks verklaar Paul Ricoeur (1987:238): "Die Welt des Textes tritt, da sie Welt ist, notwendigerweise in Gegensatz zur wirklichen Welt, weil sie sie 'neu macht', sei es, dass sie sie bestätigt, sei es, dass sie sie ablehnt. Aber selbst das ironischste Verhältnis der Kunst zur Wirklichen wäre unverständlich, wenn die Kunst nicht unser Verhältnis zum Wirklichen in Un-Ordnung bringen und neu-ordnen würde."

Jauss se siening dat 'n teks deur generasies heen gerealiseer word, vind homileties neerslag in die insig dat tekste deur geslagte heen oorgelewer word. Die huidige geloofsgemeenskap gee nie net tekste deur nie, maar ontvang ook tekste wat deur die eeue klink. Met dié klank in die ore kan die huidige geloofsgemeenskap deur die preek meedoen aan die vertolking van tekste. Hoewel die vertolkingsdaad van die geloofsgemeenskap nie onderspeel mag word nie, val die aksent in die voordrag op die rol van die prediker. Sy vertolking vra nie 'n klakkelose nasê van die interpretasies deur die eeue nie. Dit stel die eis van kreatiwiteit. Die vraag is egter of die Pneumatologie nie 'n ban op menslike kreatiwiteit plaas nie. In die Pneumatologie word die mens nie uitgeskakel nie, maar ingesluit. Die Pneumatologie skep ruimte vir 'n teonome wederkerigheid waarbinne die mens 'n kreatiewe vryheid ontvang (Van Ruler, 1969:181; Bohren, 1986:73-82). Vertolking is nie 'n vervanging van die oorteks deur 'n nuwe teks nie. Die preekteks is ook nie maar net 'n herhaling van die oorteks nie. Dié opvatting kom by Karl Barth (1966:34) voor. Hy is van mening dat die preek, as derde gestalte van God se Woord (Barth, 1964:89-128) niks anders as die uitleg van die Heilige Skrif is nie. Die prediker het nie die taak om "etwas zu sagen" nie, maar al wat die prediker te doen staan is om die teks "nachzusagen" (1966:34). Dié siening doen nie reg aan die aktualisering van die oorteks in 'n nuwe konteks nie (vgl Lange, 1987:36). Vertolking is 'n kreatiewe omgang met die teks (vgl Pieterse, 1979:119-120; Josuttis 1985:70-86; Otto, 1987:60-62; Lange, 1987:44,51). Kreatiewe teksomgang gee ag op hoe die teks inmekaar gesit is, maar haal die teks ook uitmekaar sodat dit kan oopbars en die saad van die teks deur die preek in alle rigtings kan versprei. Die daad van kreatiwiteit moet nie met 'n skepping uit niks verwar word nie. God se Woord is soos 'n vlam. Deur die skeppende preek word God se Woord in mensewoorde 'n vlammeende lied.

Die kreatiewe daad kan nie anders as deur taal plaasvind nie (Buttrick, 1987:173-198; Otto, 1987:106-118; Zeffass, 1989:143-154; Craddock, 1988:196-200; Vos, 1990:163-166). Wat kleur vir die skilder is, is die woord vir die prediker (vgl Louw, 1975:94). Hy wil geen smeerdery daarmee hê nie - die onpresiese en half-raak of skramse gebruik van die woord, die panderie van die mees ongewone, die geleerdste en die verouderde woord, die rymsdwang, die retorika (Louw, 1975:94). Net soos die kyker die skildery deur die gevoelige samevoeging van kleur sien en ervaar, ervaar en sien die hoorder die preekboodskap deur die prediker se woordskildering. Wat lyn en kleur en vorm vir die skilder is, is kohesie vir die preek. Halliday en Hassen (1976:13) sien kohesie primêr as semantiese verhoudinge in die teks. Kohesie is op al die vlakke van die teks werksaam, met ander woorde op konseptuele vlak (figure, gebeure, ruimte, tyd), taalmanifestasievlak (klank, ritme, sintaksis en woordbetekenis), komposisievlak asook kommunikasievlak en die integrale aanbod van al die kohesievorme as sodanig werk mee tot die vestiging

van begrip (Beukes, 1989). Indien die kohesie in 'n teks bydra tot die verstaan en ervaring van die geheel, word dit koherensie genoem. En dít is wat die kohesie van 'n preek in die oog het.

Die uitdaging aan die homiletiek waarin die klem op die profetiese karakter van die praktiese teologie val (Greinacher, 1988:286-289; Bohren, 1989:381), is om in die negentiger jare meta-, teologiese en praktykteorieë te ontwerp wat die werklikheidsgang van die teologie dien. Die Woordvonk in die katedraal moet in God se wêreld vlam vat.

Om 'n "kersemaker,
uitdager van die donkertes,
wat van 'n vlam 'n lied maak - "

(Ernst van Heerden, 1987:84)

te word, vra; "Van Rome - die geregtigheid. Van Athene - die wysheid en van Jerusalem - die geloof" (W E G Louw), en kan ons byvoeg: van Golgota - die genade. Die departement praktiese teologie wil in diepe afhanklikheid en in diens van die sprekende Here dié opdrag aanvaar en uitvoer.

ABSTRACT

A burning song.

Metatheoretical and practical-theological principles of homiletics.

Practical theology is still in its infancy. From modest beginnings this theological discipline has now established itself across the world. The practical theologian has the task to define the discipline's specific nature and functions. In the process he has to be mindful of two extremes, namely, cocooning himself in mere theorising on the one hand, and indiscriminate yielding to changing and precarious practices on the other. The practical theologian is charged with the task of developing, in the process of interaction between theory and praxis, theological and practice-orientated theories. In the inaugural Hans Robert Jauss's theory of language is brought to bear on a theory of homiletic practice. The challenge faced by a homiletics that is primarily concerned with the prophetic nature of practical theology, is that of developing practice orientated theological and metatheological theories for the nineties of this century that will serve the development of theology in this time and age. The Word's spark in the cathedral must set God's world ablaze!

BRONNELYS:

- Barth, K 1964⁸: *Die Kirchliche Dogmatik 1/1. Erster Band.* Zürich: EVZ-Verlag.
- Barth, K 1966: *Homiletik. Wesen und Vorbereitung der Predigt.* Zürich: EVZ-Verlag.
- Beukes, M P 1989: *Vooropstelling, kohesie en koherensie in die poësie van T T Cloete.* M A-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Bohren, R 1986³: *Predigtlehre.* München: Chr. Kaiser Verlag.
- Bohren, R 1989: "Schlaf der Kirche - Gottes Erwachen. Predigtforschung und Gemeinde", in *Evangelische Theology. Zweimonatsschrift.* 49. Jg., Heft 4, 380-388.
- Buttrick, D 1987: *Homeletic. Moves and structures.* Great Britain: SCM Press.
- Craddock, F B 1979: *As one without authority.* Nashville: Abbingdon.
- Craddock, F B 1988⁷: *Preaching.* Nashville: Abingdon Press.
- De Jong, M 1989: *'n Ander Afrikaanse letterkunde. Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattinge in Afrikaans.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Deist, F E 1989: "Eksegese as 'leeskompetensie': Oor onderrig in Skrifuitleg", in *Ned Geref Teologiese Tydskrif. Deel XXX Nummer 1 Januarie*, 56-63.
- Dingemans, G D J 1989: "Praktische theologie als een academische discipline", in *Nederlands Theologisch Tijdschrift, 43e jaargang, 3e aflevering, Julie.* 192-212.
- Fant, C 1989: "Die Heidelberger Methode der Predigtanalyse: Eine Reaktion", in *Die Predigtanalyse als Weg zur Predigt*, Bohren, R, K - P Jörns (reds.) Tübingen: A Francke Verlag.
- Firet, J 1987: *Spreek as een leerling. Praktisch-theologische opstellen.* Kampen: J H Kok.
- Firet, J 1988⁶: *Het agogisch moment in het pastoraal optreden.* Kampen: J H Kok.
- Greidanus, S 1988: *The modern preacher and the ancient text. Interpreting and preaching Biblical literature.* Leicester: Inter-Varsity Press.
- Greinacher, N 1974: "Das Theorie-Praxis-Problem in der Praktischen Theologie", in *Praktische Theologie heute*, (onder redaksie van Klostermann, Ferdinand en Rolf Zerfass). München: Chr Kaiser Verlag, 103-118.
- Greinacher, N 1988: "Praktische Theologie als kritische Theorie kirchlicher Praxis in der Gesellschaft", in *Theologische Quartalschrift 168 (4, 1988)*, 283-299.
- Halliday, M A K en Hasan, R 1976: *Cohesion in English.* London: Longman House.

- Heitink, G 1988: "*Om raad verlegen, doch niet radeloos...*" *Ervaringen van aporie bij de beoefening der praktische theologie*. Kampen: J H Kok.
- Herbst, M 1988²: *Missionarischer Gemeindeaufbau in der Volkskirche*. Stuttgart: Calver Verlag.
- Hirscher, H 1988²: *Biblisch predigen*. Hannover: Lutherisches Verlagshaus.
- Jauss, H R 1969: "Paradigmawechsel in der Literaturwissenschaft", in *Linguistische Berichte* 3, 44-56.
- Jauss, H R 1969²a: *Literaturgeschichte als provokation der Literaturwissenschaft*. Konstanz: Universitätsverlag.
- Jauss, H R 1979²: "Zur Fortsetzung des Dialogs zwischen 'bürgerlicher' und 'materialischer' Rezeptionsästhetik", in Warning, R *Rezeptionsästhetik*. Zürich: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Jauss, H R 1979²: "Racines und Goethes Iphigenie - Mit einen Nachwort über die Partialität der rezeptionsästhetischen Methode", in Warning, R *Rezeptionsästhetik*. Zürich: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Jonker, W D 1968: *Theologie en praktijk. Een peiling van het theologisch karakter van de diakonologische vakken*. Kampen: J H Kok.
- Jörns, Klaus-Peter 1990: "Exegese und Homiletik. Erwägungen zu einem schwieriger gewordenen Verhältnis", in *Pastoraltheologie. Monatsschrift für Wissenschaft und Praxis in Kirche und Gesellschaft*. 79. Jahrgang, Heft 1. Januar, 10-26.
- Josuttis, M 1985: *Rhetorik und Theologie in der Predigtarbeit. Homiletische Studien*. München: Chr. Kaiser Verlag.
- Kannemeyer, J C 1989: *Getuigskrifte. Lesings en opstelle*. Kenwyn: Jutalit.
- Lange, E 1987²: *Predigen als Beruf. Aufsätze zu Homiletik, Liturgie und Pfarramt*, München: Chr Kaiser.
- Long, T G 1989: *Preaching and the literary forms of the Bible*. Philadelphia: Fortress Press.
- Long, T G 1989a: *The witness of preaching*. Louisville: John Knox press.
- Louw, N P van Wyk. 1975⁵: *Lojale verset. Kritiese gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Louw, N P van Wyk 1988²: *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers en Human en Rousseau.
- McKnight, E V 1988: *Post-modern use of the Bible. The emergence of reader oriented criticism*. Nashville: Abington Press.
- Mouton, J en Marais, H C 1989³: *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Opperman, D J 1956: *Vergelegen*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.
- Opperman, D J 1959: *Wiggelstok*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.
- Otto, G 1986: *Grundlegung der Praktischen Theologie*. München: Chr Kaiser Verlag.

- Otto, G 1987: *Predigt als retorische Aufgabe. Homiletische Perspektiven*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Pieterse, H J C 1979: *Skrifverstaan en prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Pieterse, H J C 1986: *Verwoording en prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Pieterse, H J C 1988: *Die Woord in die werklikheid. 'n Teologie van die prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Ricoeur, P 1987: "Erzählung, Metapher und Interpretationstheorie", in *Zeitschrift für Theologie*, 84 Jahrgang, 232-253.
- Rössler, D 1986: *Grundriss der Praktischen Theologie*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Runia, K 1981: *Heeft preken nog zin?* Kampen: J H Kok.
- Runia, K 1983: *The sermon under attack*. Exeter: The Paternoster Press.
- Runia, K 1987: "Kerygma en prediking. Zelfstandig geloven vanuit homiletisch perspektief", in Kuiper, F H, J J van Nijen, J C Schreuder (reds.), *Zelfstandig geloven. Studies voor Jaap Fiert*. Kampen: J H Kok.
- Selden, R 1989²: *The theory of criticism. From Plato to the present*. England: Longman House.
- Stadelmann, 1989: *Schriftgemäss predigen: Plädoyer und Anleitung für die Auslegungspredigt*. Zürich: Brockhaus.
- Theron, P F 1978: *Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Van der Ven, J A 1988: "Practical Theology: from Applied to Empirical Theology", in *Journal of Empirical Theology*, Volume 1/1, 7-27.
- Van Heerden, E 1987: *Amulet teen die vuur*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Van Huyssteen, Wentzel, 1986: *Theologie as kritiese geloofsverantwoording*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Van Ruler, A A 1969: *Theologisch Werk. Deel I*. Nijkerk: Callenbach.
- Vodička, F 1964: "The history of the echo of literary works", in Garvin, Paul L. (red), *A Prague School reader on esthetics, literary structure, and style*. Washington: Georgetown University Press.
- Vos, C J A 1990: "Die ambagsman en sy beiteljie", in Smuts, A J, C J A Vos, M Nel, (reds), *In gesprek oor die erediens*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Wellek, R 1982: *The attack on literature and other essays*. Chapel Hill: The University of North Carolina Press.
- Westermann, C 1978: *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Zerfass, R 1974: "Praktische Theologie als Handlungswissenschaft", in *Praktische Theologie heute* (onder redaksie van Klostermann, Ferdinand en Rolf Zerfass). München: Chr. Kaiser Verlag, 164-177.
- Zerfass, R 1988: "Gottesdienst als Handlungsfeld der Kirche. Liturgiewissenschaft als Praktische Theologie?", in *Liturgisches Jahrbuch, Herausgegeben vom liturgischen Institut*, 38. Jahr, 30-59.
- Zerfass, R 1989²: *Grundkurs Predigt 1. Spruchpredigt*. Dusseldorf: Patmos Verlag.